Oordenking
15 Maart 2010

Die Lydenstyd definieer die Messias

Petrus noem Jesus “die gesalfde van God”. Die Messias.

In Lukas 9: 22 definieer Jesus die Messias en Hy gebruik vier werkwoorde om te sê wie Hy werklik is. “*Die Seun van die mens moet baie ly, deur die familiehoofde, priesterhoofde en skrifgeleerdes verwerp word, en Hy moet doodgemaak word, en op die derde dag opgewek word.”* Dis ’n harde les, maar dit is die hart van die Evangelie.
Dis nie mooi, maklik om te verstaan, sag, sentimenteel of sensitief nie, maar dit is die waarheid. Jesus leer dat Hy moes ly, verwerp word, doodgemaak word en opstaan uit die dood, om ons te red.

En dan gebruik Jesus in vers 23 ook 4 werkwoorde om te sê wie sy volgelinge is. “As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, elke dag sy kruis opneem en My volg”

As ons Messias definieer word deur lyding, verwerping, dood en opstanding, dan word sy volgelinge definieer deur die feit dat hulle hul lewe verloor deur die toewyding waarmee hulle Jesus volg.
Ons lewens behoort nie meer aan onsself nie. Ons moet dit weggee. Om jou lewe vir jouself te probeer behou, loop daarop uit om dit vir ewig te verloor. Maar om jou lewe vir God en jou naaste te gee deur die wyse waarop jy Jesus volg, is om die ware lewe te ontvang, ja, selfs die ewige lewe.